

Sondag 40: Die Sesde Gebod – Lewe is ‘n gawe van God en moet beskerm word

DAG 1:

Fokus op mekaar:

- *Vra jou ouers hoe hulle gevoel het toe jy gebore is. Wat het die dag gebeur? Wat staan vir hulle uit? Hoe dink jy sal jy eendag voel as jy getroud is en ‘n ouer word?*
- *Hoe kan julle in jul gesin jul lewens beskerm en koester? Dink aan eetgewoontes, saam oefen, griepinspuitings, ens...*

1. Fokus op die Here

1.1. Ons met die Here:

a. Sing saam tot eer van die Here.

Die Westminster Shorter Chatechism open met die vraag: *Wat is die hoof doel van die mens?* En antwoord: *Om God te te eer en Hom vir altyd te geniet.*

Ons doen dit wanneer ons die gawe van lewe tot sy eer en volgens sy wil gebruik.

Lied 203 eer God en geniet sy welddade:

*Loof die Here, al wat lewe,
Wil Hom dank en hulde bring –
Hy het al ons skuld vergewe;
Ons ‘n nuwe lied laat sing.
Loof Hom, prys Hom! Loof en prys Hom!
Loof die Vader, God en Heer*

*Soos ‘n vader sorf vir kinders,
Sorg die Heer vir wie Hom vrees.
Hy vergewe hul oortredings
En berei ‘n vreugdefees.
Loof Hom, prys Hom! Loof en prys Hom!
Laat ons Hom gehoorsaam wees!*

b. **Gebedsvoorstelle:**

- * Dank God dat Hy vir jou die gawe van lewe gegee het om tot sy eer te geniet.
- * Dank Hom dat Hy Christus gestuur het sodat ons in Hom die lewe in oorfloed kan hê. Bid God dat jy jou lewe reg sal gebruik en die lewe, omdat dit ‘n heilige gawe van Hom af is, sal beskerm.

1.2. Die Here met ons:

Lees:

Eksodus 20:13 en Sondag 40.

Vra: Waaroor gaan dit hier, wat is die hoofpunt wat Sondag 39 ons wil leer?

Twee dinge:

1. Jy moet jou nie deur die kwaad laat oorwin nie, maar oorwin die kwaad met die goeie.
2. Ek bly verantwoordelik en aanspreeklik vir my gedrag, maak nie saak wat ander aan my doen nie

Belangrike woorde:

- * self of iemand anders: Of ek nou persoonlik, of deur iemand anders ‘n moord laat pleeg, bly ek ewe skuldig.
- * my naaste Die persoon met wie ek in kontak is. My medemens.
- * onteer: Die engels is ‘dishonour’ – om mense in die skande te bring
- * haat: ‘n Vurige vyandskap teen en afkeer van iemand.
- * beledig: Om iemand sleg te sê.
- * doodmaak: Die oorspronklike woord in die gebod dui op moord pleeg. Dit is om ienad onwettig dood te maak.
- * gedagtes: die oorsprong van moord lê in bose gedagtes en begeertes
- * woorde: Moodgedagtes word soms in woorde oorgedra
- * gebare: Soms kan ‘n gebaar, soos om ‘n finger oor jou keel te trek, na ‘n begeerte om dood te maak verwys.
- * wraaksug: Die begeerte om iemand terug te kry
- * Myself kwaad aandoen: om my eie liggaam te beskadig

- * Moedswillig in kwaad begewe: Om myself willens en wetens aan iets bloot te stel wat my dood kan veroorsaak. Dit sluit gevaarlike avontuursporte in waar veiligheidsmaarteels nie gevolg word nie, e.g. Rotsklim sonder 'n harnas. En om nie gepaste veiligheidsmaatreels te tref nie, e.g. om laataand in die stad rond te drentel.
- * Owerheid dra die swaard: Die owerheid dien God om boosdoeners, insluitend moordenaars te straf. God gee die owerheid die swaard om geregtigheid te bevorder en lewe te beskerm. Die Bybel leer dat die owerheid die doodstraf behoort toe te pas.
- * wortel van doodmaak: afguns, haat, woede en wraak is alles houdings wat tot moord kan lei. God haat hierdie dinge.
- * naaste liefhê: Ons moet na die welvaart van ons naaste soek, net so veel as wat jy na jou eie welvaart soek.
- * goed doen: Om die gebod te gehoorsaam beteken meer as om slegte gewoontes af te leer en te vermy, dit sluit ook in dat ons die beswil van ander najaag en selfs aan ons vyande goed doen.

Leidende vrae

Lees Psalm 139:13-18

Wie is die Outeur van jou lewe? (v.13)

Wat is jou reaksie op die besef dat God jou geskep het? (v.14)

Is dit vir jou 'n troos om te weet dat al jou lewensdae by God bekend was nog voor jy gebore is?

Wat dink jy wil God hê moet jy met jou lewe maak?

God het die mens die gawe van lewe gegee.

Saam met al die gawes wat God gee kom daar 'n verpligting.: Ons het daarom die verpligting om lewe, of dit nou my eie of my naaste s'n is te beskerm. Dit beteken nie net dat ons nie mag moord pleeg nie, maar aktief na die beswil van my naaste moet soek.

Ons kan dit so sien:

- God vereis dat ons liefde moet uitleef in die vorm van geduld, verdeliewendheid, sagmoedigheid, barmhartigheid, vriendelikheid en selfbeheersing.

In jul gesin, hoe leef julle hierdie eienskappe uit? Wat keer dat julle van hierdie dinge doen? Hoe kan julle hierin groei?

- God verwerp haat, ons moet daarom alles wat uit haat uit vloei teenstaan. Dit sluit jalousie, onvergenoegdheid, woede, wraaklus en strydgerigheid in. Hierdie dinge kan na moord lei

Vind julle in jul gesin dat haat en die uitvloeiels daarvan soms in jul gesinslewe na vore kom? Hoe hou julle mekaar aanspreeklik en hoe ontlont julle situasies waar liefde nie meer die oorhand het nie?

Die sede gebod verbied moord. Maar wat is moord nie?

- **Die doodmaak van plante en diere is nie moord nie.**

Die oes van plante en slag van diere om vir ons kos en klere te verskaf is nie moord nie. Dit vorm deel van ons rentmeesterskap oor die skepping. Die doodmaak van diere en plante moet nie uit wrede of selfsugtige redes spruit nie.

- **Doodstraf**

Wanneer die staat 'n moordenaar teregstel is dit nie moord nie. *Sien Num 35:20-21, 33 & Rom 13:1-7*

- **Om iemand sonder voorbedagte rade dood te maak, soos in 'n motorongeluk, is nie moord nie. Deut. 19:4-5**
- **Die doodmaak van jou naaste vanuit selfverdediging is nie moord nie.**

Daar rus 'n verpligting op jou om jou eie en jou naaste se lewe te beskerm, veral wanneer dit bedreig word.

Sondag 39: Die Sesde Gebod – Lewe is ‘n gawe van God en moet beskerm word

DAG 2

Fokus op mekaar:

- Gesels oor hoe julle as gesin mekaar aanspoor om geduldig, vredeliewend, sagmoedig, barmhartig en vriedelik teenoor mekaar te wees.
- Is daar tye in jou lewe wat jy nodig het dat jou naaste so teenoor jou optree? Watter tye is dit en hoe kan hulle jou bystaan?

1. Fokus op die Here

1.1. Ons met die Here:

a. Sing saam tot eer van die Here.

In Psalm 83:1, 4 (Cloete) word Israel deur haar vyande bedreig, maar selfs in hierdie oordeelspsalm kyk die gelowige nie met wraaksug na sy vyande nie, maar met eerbied na God wat sal vergeld.

*Moet nie afsydig staan, laat almal nie begaan,
Hou U nie stil nie, Here. Hoor net hoe gaan hul aan*

wat teen U op kom staan: Hul gaan teen U te kere.

*U volk moet dit ontgeld vanweë hul geweld,
Hul spaar ons, Heer, geen lis nie. Teen ons word saam gespan,*

sluwe dinge word beplan tot ons geen volk meer is nie.

Laat hulle die aftog blaas, laat hulle inderhaas Voortvluggend uitmekaargaan. Wis almal uit, o Heer,

Laat vlamme hul verteer, soos berge wat in brand staan.

Laat skaamte hulle tref, laat hul verskrik besef: U, Here, U is enig. U heers en U alleen Oor gans die aarde heen. U Naam o Heer is ewig.

Gebedsvoorstelle:

* Bid dat God jou die genade sal verleen om nie jou naaste te onteer, haat, beledig of dood te maak nie, nie met jou gedagtes, woorde, gebare en nog minder met die daad.

* Bid dat God jou geduldig, vredeliewend, sagmoedig, barmhartig en vriedelik sal maak.

* Bid dat Hy die genade ook in jou vyande se lewens sal werk.

1.2. Die Here met ons:

Lees Genesis 4:1-16

Wie was die eerste moordenaar?

Hoekom het hy dit gedoen?

Wat was sy straf?

Lees 1 Tim 6:6-8.

Hoe dink jy dat gehoorsaamheid aan wat hier beveel word dinge anders in Kain se lewe sou laat uitdraai het?

Die kategismus noem dat die wortel van moord dinge soos afguns, haat, woede en wraaklus is.

Is daar plekke in jul lewe waar hierdie houdings seevier? Hoe dink jy kan julle hierdie dinge aanspreek?

Hoe help die voorbeeld van Christus vir jou wanneer jy voel dat jy verontreg word en self reg in eie hand wil neem? Lees Efesiërs 1:19-20

Wat beteken dit in praktyk vir jou dat dieselfde Gees wat Christus uit die dood opgewek het in jou werk om kwaad en sonde te weerstrew?

Sondag 40: Die Sesde Gebod – – Lewe is 'n gawe van God en moet beskerm word

DAG 3

Fokus op mekaar:

- *Elkeen kry die geleentheid om te sê hoe sy of haar dag was*
- *As jy na die afgelope week kyk, watter gesindheid het in jou oorheers? 'n liefde vir jou naaste of 'n haat vir jou naaste?*
- *Wat was die gevolge van hierdie houding?*

1. Fokus op die Here

1.1. Ons met die Here:

a. Sing saam tot eer van die Here.

'n Hart vol liefde vir God en jou naaste soek nie om moord te pleeg nie. Sb 9-3:1

*Voor u wet, Heer, staan ons skuldig.
Liefde is die groot gebod!
Liefde is ons steeds verskuldig
Aan ons naaste en ons God.
Ons wil u gebod bewaar,
Maar ons struikel baie kere.
Leer ons liefde vir mekaar,
Maar bo al vir U, o Here.*

b. Gebedsvoorstelle:

* Dank die Here vir die mooi van die lewe wat jy kan geniet.

* Bid dat Hy jou tevrede sal maak met wat jy het

* Vra die Here om vergifnis vir die kere wat jalousie en afguns na moordgedagtes lei. Bid dat Hy jou hart sal bewaar.

* Vra die Here dat jy iemand sal wees wat sy liefde in die wêreld sal uitdra.

1.2. Die Here met ons:

Dag 1 het ons gekyk na die feit dat God lewe gee en dat ons teenoor Hom verantwoordelik is daarvoor.

Dag 2 het ons gekyk na die gesindhede wat tot moord lei.

- Bespreek vandag onder mekaar en soek na antwoorde uit die Skrif om jou standpunt oor die volgende kwessies te staaf.

Aborsie – Aborsie is om 'n ongebore kindjie, vir redes wat gewoonlik uit selfsug en gemak spruit, dood te maak.

Selfmoord – Om jou eie lewe te neem. Daar kan 'n verskeie oorsake wees, b.v. depressie, sielkundige kondisies, moeilike situasies, ens.

Doodstraf – Die staat stel persone terreg wat willens en wetens iemand dood gemaak het.

Genadedood – Om iemand wat baie swak is dood te maak of om met mediese behandeling op te hou wanneer dit blyk dat die persoon nie meer sal kan herstel nie

Rasverbetering (eugenetiek) – Om wetenskaplik/kultureel te besluit wie kinders mag hê en wie nie, en selfs ongewenste mense uit die samelewing uit te haal, sodat beter mense 'geteel' kan word.

Terwyl daar 'n duidelike reg en verkeerd in al hierdie sake is, word die mens se ewige bestemming nie deur jou goeie of slegte dade bepaal nie, maar deur die kwaliteit van jou verhouding met Christus. Die finale oordeel behoort aan God alleen en net Hy besluit wat jou ewige bestemming is.

Toets jousef:

- Is jou argument oor hierdie sake op grond van God se Woord gebaseer, of bepaal jou gevoelens of ervarings hoe jy oor hierdie sake dink?
- Watter rol behoort God se Woord te speel in hoe gelowiges hierdie sake hanteer?